DEEL 118 | WEEK 28 | 10 JULIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Riemland se beste mik na SA se kroon vir topgehalte lam

Die Riemland se reputasie vir uitsonderlike lamsvleis gaan op 25 Julie op nasionale vlak getoets word wanneer Nicolaas Bester van Heilbron en Van Rooy Boerdery van Frankfort hul plek inneem tussen Suid-Afrika se voorste skaapboere tydens Lamb Champs Pretoria.

Vir Nicolaas Bester begin die pad na Lamb Champs nie op die dag van die kompetisie nie, maar elke oggend tussen sy Merino-skape. Dit is hier waar gehalte, sorg en jare se toewyding die grondslag lê vir die vleis wat hy nou op een van die land se grootste landbouverhoë gaan aanbied. Langs hom sal Van Rooy Boerdery van Frankfort – reeds bekend in die Riemland vir hul topgehalte vleis en uitstekende standaarde – ook die streek se naam hoog hou.

Lamb Champs, 'n inisiatief van SAAI (Southern African Agri Initiative), het oor die afgelope paar jaar ontwikkel tot veel meer as net 'n spitbraaikompetisie. By die geleentheid kompeteer boere met gehalte-lamsvleis vir die Lamb Champs kompetisie.


Vanjaar sal 110 boere, elk met hul eie lam en spit, aan die kompetisie deelneem. Elke deelnemer berei sy lam volgens die kompetisiereëls op 'n spit voor, waarna die eindproduk deur beoordelaars vir onder meer smaak, sappigheid, sagtheid en algehele gehalte beoordeel word.

Benewens die kompetisie bied Lamb Champs aan besoekers die geleentheid om van die land se beste spitgebraaide lam te proe, boere persoonlik te ontmoet en meer oor skaapboerdery te leer. Landbou-uitstallings, produkte, vermaak en musiekoptredes vorm ook deel van die dag se program.

Vir die Riemland is die deelname van Nicolaas Bester en Van Rooy Boerdery meer as net 'n kompetisie. Dit is 'n geleentheid om die streek se uitstekende genetika, boerderyvernuf en topgehalte lamsvleis op 'n nasionale verhoog ten toon te stel.

Wanneer die spitte op 25 Julie in Pretoria begin draai, sal Nicolaas Bester en Van Rooy Boerdery nie net vir 'n trofee meeding nie, maar ook die geleentheid hê om te bewys waarom van Suid-Afrika se beste lamsvleis steeds uit die Riemland kom.




# Watermeterdiewe saai chaos in Heilbron

'n Kommerwekkende vlaag watermeterdiefstalle teister Heilbron die afgelope paar weke en laat inwoners én die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit met groeiende verliese sit. Benewens die finansiële skade, veroorsaak die diefstalle dat groot hoeveelhede water vermors word terwyl gesteelde meters nie onmiddellik vervang kan word nie.

Verskeie watermeters is reeds die afgelope week uit woon- en sakepersele verwyder. Onder die slagoffers is OJ's Meat, die woonstel langs Jansen Prokureurs, Lucky 7, Standard Bank, die hoek van Langmark- en Steynstraat, asook Shalom Stoor. Daarbenewens is vier watermeters in Ringerstraat en nog drie in Vyfde Straat gesteel.

Volgens inligting uit die gemeenskap word die meters glo gesteel vir die koper wat daarin voorkom. Sodra 'n meter verwyder word, stroom water onbeheers uit die pyp totdat die toevoer afgesluit kan word. Dit lei tot groot waterverliese waarvoor die munisipaliteit uiteindelik moet opdok.

Die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het intussen in 'n openbare kennisgewing bevestig dat daar 'n voortdurende golf van watermeterdiefstalle in Heilbron, Phiritona en Sandersville plaasvind. Die munisipaliteit waarsku inwoners en sakeondernemings om waaksaam te wees en voorsorgmaatreëls te tref, veral waar watermeters buite erwe geïnstalleer is. Volgens die kennisgewing is besighede, woonstelle en privaat eiendomme die afgelope tyd spesifiek geteiken.

Die munisipale bestuurder, dr. F.P. Mothamaha, het die Tegniese Dienste en die Eenheid vir Openbare Veiligheid opdrag gegee om die nodige maatreëls in werking te stel, waaronder die aktivering van die Veiligheidskluster om die probleem die hoof te bied.

Nog 'n groot bron van kommer is dat die munisipaliteit na bewering nie oor voldoende fondse beskik om al die gesteelde watermeters te vervang nie. Inwoners wie se meters gesteel word, ontvang dan net 'n skatting van hul water.

Die toename in diefstalle wek ernstige kommer, veral in 'n dorp waar water reeds 'n kosbare en beperkte hulpbron is. Buiten die finansiële impak veroorsaak die oop pype ná 'n diefstal onnodige waterverliese wat die bestaande druk op die dorp se waterstelsel verder vererger.


Die munisipaliteit versoek inwoners om enige verdagte aktiwiteite onmiddellik by hul naaste munisipale kantoor of die SAPD aan te meld. Hoe meer sake aangemeld word, hoe beter is die kans dat ondersoeke by skrootwerwe ingestel kan word om vas te stel waar die gesteelde koper beland en om die skuldiges voor die gereg te bring.

Enige iemand met inligting wat die polisie kan help om die verdagtes op te spoor, word versoek om dit so spoedig moontlik aan die SAPD deur te gee. Die samewerking van die gemeenskap kan 'n belangrike rol speel om hierdie toenemende misdaad hok te slaan.






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum




## Substansmisbruik: Die waarheid oor Dagga en Cat

### *Week 2: Wanneer "net een keer" 'n lewenslange prys kan hê*

*• Elmarie Els-Hammann*

In verlede week se artikel het ons gekyk na die omvang van substansmisbruik in Suid-Afrika en die uitwerking daarvan op individue, gesinne en gemeenskappe. Hierdie week fokus ons op twee middels wat dikwels as "minder gevaarlik" beskou word: dagga en CAT. Omdat hierdie middels soms as "natuurlik", "veilig" of "nie verslawend nie" beskryf word, eksperimenteer baie jongmense daarmee. Dit beteken egter nie dat daar geen risiko's is nie. Veral wanneer die brein nog ontwikkel, kan gereelde gebruik ernstige gevolge vir leervermoë, geheue, geestesgesondheid en besluitneming hê.

**Dagga – Meer as net 'n "plant"**

Dagga, ook bekend as cannabis, is een van die mees gebruikte onwettige middels in Suid-Afrika. Hoewel sommige lande en jurisdiksies die gebruik daarvan onder streng voorwaardes gereguleer het, beteken dit nie dat gereelde of onbeheerde gebruik sonder risiko is nie. Die belangrikste psigo-aktiewe bestanddeel in dagga is tetrahidrokannabinol (THC). THC beïnvloed reseptore in die brein wat verantwoordelik is vir geheue, konsentrasie, koördinasie, emosies en besluitneming. Vandag is baie cannabisprodukte ook sterker as dekades gelede. Hoër THC-vlakke kan die risiko van negatiewe gevolge verhoog.

**Hoe word dagga gebruik?**

**Dagga word op verskillende maniere gebruik:**

Gerook in sigarette ("joints") of pype.
In waterpype ("bongs"). As olies of konsentrate. In kos of lekkers (edibles).
Die effek begin gewoonlik binne enkele minute wanneer dit gerook word, maar kan baie langer neem wanneer dit geëet word. Omdat mense soms dink die middel "werk nie", neem hulle meer in en ervaar dan onverwags baie sterker effekte.

**Straatname vir dagga**

**In Suid-Afrika staan dagga onder meer bekend as:**

Weed, Cannabis, Marijuana, Zol, Joint Herb, Ganja, Boom

**Korttermyn-uitwerking van dagga**

Die effekte verskil van persoon tot persoon en hang af van die hoeveelheid, die sterkte van die produk en die gebruiker se ouder dom en gesondheid.

**Korttermyngevolge kan insluit:**

Ontspanning of euforie, Veranderde tydswaarneming, Swakker konsentrasie, Verminderde reaksietyd, Probleme met koördinasie, Verhoogde eetlus, Droë mond, Rooi oë, Angs of paniekaanvalle, Paranoia by sommige gebruikers.
Hierdie effekte verhoog die risiko van motorongelukke en ander ongelukke.

**Langtermyngevolge van gereelde daggagebruik**

Navorsing toon dat gereelde gebruik, veral wanneer dit in die tienerjare begin, geassosieer word met:
Swakker geheue, Moeilikheid om nuwe inligting te leer, Swakker konsentrasie, Verminderde motivering, Swakker akademiese prestasie, Verhoogde risiko vir angs- en depressieversteurings, 'n Hoër risiko vir psigose by mense wat geneties daarvoor vatbaar is, Afhanklikheid.
Hoewel nie elke gebruiker verslaaf raak nie, ontwikkel sommige mense 'n substansgebruiksversteuring wat professionele behandeling vereis.

**Jongmense loop die grootste risiko**

Die menslike brein ontwikkel steeds tot ongeveer 25-jarige ouderdom. Gereelde blootstelling aan THC gedurende hierdie tyd kan die ontwikkeling van die dele van die brein wat verantwoordelik is vir beplanning, impulsbeheer en probleemoplossing beïnvloed. Dit beteken nie dat elke jong persoon permanente skade sal opdoen nie, maar dit beklemtoon waarom vroeë en gereelde gebruik ontmoedig word.

**Wat is CAT?**

CAT is die algemene straatnaam vir middels wat uit katinone bestaan. Tradisioneel verwys dit na khat ('n plant waarvan die blare gekou word), maar in Suid-Afrika word "CAT" ook gebruik vir sintetiese katinone – laboratoriumvervaardigde stimulante wat baie sterker en gevaarliker kan wees.

Hierdie middels stimuleer die sentrale senuweestelsel en verhoog tydelik energie, waaksaamheid en selfvertroue.

**Hoe word CAT gebruik?**

**CAT kan:**

Gerook word; gesnuif word;
ingesluk word; of in sommige gevalle ingespuit word.
Die presiese samestelling wissel dikwels, wat beteken gebruikers weet nie altyd watter chemikalieë hulle inneem nie.

**Straatname vir CAT**

**Gebruikers verwys soms daarna as:**

CAT, Cat, Bath salts (vir sekere sintetiese katinone), Meow Meow (internasionaal)
Die name verskil tussen gemeenskappe.

**Korttermyn-uitwerking van CAT**

**Gebruikers ervaar dikwels:**

Groot selfvertroue, Baie energie.
Minder behoefte aan slaap.
Verhoogde praatlus, Verhoogde hartklop.
Verhoogde bloeddruk, Verminderde eetlus.

**Wanneer die effek uitwerk, volg dikwels:**

Erge moegheid, Depressiewe gevoelens.
Prikkelbaarheid, Intense drange om weer die middel te gebruik.

**Langtermyngevolge**

**Langdurige gebruik kan lei tot:**

Erge gewigsverlies, Slapeloosheid, Angs.
Paranoia, Aggressiewe gedrag.
Hallusinasies, Geheueprobleme.
Hartprobleme, Afhanklikheid.
By sommige gebruikers ontwikkel ernstige psigotiese simptome wat hospitalisasie vereis.

**Waarom raak mense verslaaf?**

Beide dagga en CAT beïnvloed die brein se beloningsisteem deur dopamienvlakke te verander.

**Met verloop van tyd:**

Benodig die gebruiker groter hoeveelhede;
gewone aktiwiteite bring minder vreugde;
die persoon begin dwelms bo familie, werk of skool verkies;
Onttrekkingsimptome maak dit moeilik om op te hou.

**Tekens waarna ouers behoort op te let**

Indien verskeie van die volgende tekens saam voorkom, behoort ouers die situasie ernstig op te neem:
Nuwe vriendekringe, Gereelde afwesigheid, Swakker punte, Onverklaarbare geldtekorte, Geheimhouding, Skielike buiwisselings, Verlies aan belangstelling in sport of stokperdjies, Rooi oë of verwydde pupille, Slaapveranderinge, Ongewone reuke aan klere.

**Hoe praat 'n ouer met 'n kind oor dwelms?**

Baie ouers wag totdat daar reeds probleme is. Kenners beveel aan dat gesprekke vroeg begin.

**'n Paar wenke:**

Luister sonder om dadelik te veroordeel.
Stel oop vrae.
Gee feitelike inligting eerder as dreigemente.
Stel duidelike verwagtings.
Wees self 'n positiewe rolmodel.
Kinders wat sterk verhoudings met hul ouers het, is oor die algemeen minder geneig om met dwelms te eksperimenteer.

**Mites en feite**

**Mite:** "Dagga is natuurlik, dus is dit veilig."
**Feit:** Baie natuurlike stowwe kan skadelik wees. Gereelde cannabisgebruik hou bekende gesondheidsrisiko's in, veral vir jong mense.
**Mite:** "Jy kan nie aan dagga verslaaf raak nie."
**Feit:** Sommige mense ontwikkel wel 'n cannabisgebruiksversteuring, veral wanneer gebruik op 'n jong ouderdom begin en gereeld voorkom.
**Mite**: "CAT gee net energie."
**Feit:** CAT plaas groot druk op die hart en brein en kan ernstige geestesgesondheidsprobleme veroorsaak.

**Het jy geweet?**

Suid-Afrika bly een van die lande waar cannabis algemeen gebruik word, en jongmense is 'n belangrike risikogroep.
Hoe jonger iemand begin eksperimenteer, hoe groter is die risiko vir latere afhanklikheid.
Baie mense wat behandeling vir dwelmverslawing ontvang, het hul gebruik met middels begin wat hulle as "onskadelik" beskou het.

**Waar kan hulp gekry word?**

As jy vermoed dat jy of iemand wat jy ken 'n probleem met dwelms het:
Praat met 'n dokter of geregistreerde maatskaplike werker.
Kontak 'n plaaslike rehabilitasiesentrum.
Soek ondersteuning by SANCA of ander erkende behandelingsdienste.
Hoe vroeër hulp gesoek word, hoe beter is die kans op herstel.

*Volgende week...*
*In Week 3 bespreek ons Tik (metamfetamien) en Nyaope – twee van die mees verwoestende dwelms in Suid-Afrika. Ons kyk na hoe hierdie middels vervaardig word, hoe vinnig verslawing ontwikkel, waarom hulle so gevaarlik is, en hoe gesinne die waarskuwingstekens betyds kan herken.*

## UIT DIE PEN: *Week 28*



Ons gaan stap, sê hulle. Dit gaan lekker wees, sê hulle. Dit gaan so mooi wees, sê hulle. En vir my het dit ook heerlik gelyk.

Ons vier sit af Robberg toe. Daar is drie staproetes 2,1 km, 5,5 km en 'n 9,2 km. Dit lyk na baie mooi natuurskoon, die see aan jou linkerkant en die koppie aan die regterkant.

Ek, my goeie man, boet Swanie en sy vrou stap die eerste kilometer saam met ons. Hulle gaan nie verder nie, want hulle het al die pad gestap. Maar julle moet gaan, sê hulle. Dit gaan lekker wees, sê hulle.

Toe ons hulle groet, meld skoonsus so in die verbygaan dat daar 'n hele lot trappies voorlê. Ek kyk na die koppie en dit lyk nie so nie. Ek voel nog fris en vars.

In die see sien ons skole robbe. Hulle speel, duik in en uit, klap hulle webvoete. Dit klink of hulle blaf of blêr.

Ons stap en stap. Ek het die oggend lekker dik aangetrek: twee langmoue en 'n baadjie. Dit was nie 100 jaar nie, toe begin ek uittrek. My goeie man het die sak met die water en die lekkertjies in sy rugsak.

Robberg is 8 km suid van Plettenbergbaai, deel van die Tuinroete. Dit is 'n natuurreservaat en ook 'n Wêrelderfenisgebied. Sommige van die klippe dateer uit 120 miljoen jaar gelede toe Gondwanaland opgebreek het. Bewyse van lewe gedurende die steentydperk kan ook daar aangetref word.

My kop loop ver saam met my voete: twee jaar gelede het ek 'n maanstewel gedra en gewonder of ek weer sonder 'n hink sou kon loop.

Ons sien die pragtige ronde klippies wat lyk asof dit in die ander rotse ingebed is. Daar is vier bankies wat ter ere van iemand daar geplant is.

Ek dink dis toe ek ophou kyk het na die mooi rondom my.

Daar kom 'n fikse mamma en haar twee kinders by ons verby gehardloop. “You are nearly there, just a few more steps,” sê die fikse Fienie. Toe ek opkyk, strek die dermiljoene kliptrappies voor my uit. Ek raak toe sommer byvoorbaat uit asem.

Ons staan uit die pad sodat 'n familie kan verby loop. Op hierdie stadium staan ek graag opsy terwyl my longe deur my ribbekas geforseer word.

Ons is uiteindelik bo, en kan vir 'n rukkie deur 'n bos loop waar die sytakke oor jou kop vou.

My kop loop na my ouerhuis waarin ons gebly het voordat ons plaas toe getrek het. Ons het plaas toe getrek voordat ek skool toe is.

Ek wonder wat met oom Grobbies en tannie Gertie Grobbelaar geword het? Hulle het 'n seun gehad wat baie ouer was as ek. Hy het 'n snaakse naam gehad. Iets met 'n X, kan ek onthou. Nie Felix of Alexander nie. Nou onthou ek: sy naam was Xsie. Ek weet nie hoe dit gespel sou word nie, maar dit is uitgespreek as “Ek-sie”.

Ons stap en stap. Ek voel die los sand onder my skoene. Daar doer onder is Witsand, 'n klein strand. Dis af, af, af met die los sand. Iewers het ek gedink dat ek my skoene sal moet uittrek, want daar is seker al 'n ton sand wat ek daarin ronddra.

Teen hierdie tyd het ek my twee langmoutops se moue opgetrek en my goeie man knoop my baadjie om sy lyf.

Daar is jong kinders wat uitgelate duin-af hardloop, gil en skree van lekkerte. Jammer, vandag gaan ek nie saam met jou hardloop nie, dink ek. Nie dat ek ooit weer sal kan hardloop nie.

Ek dink aan die Gerickes wat kleintyd langs ons gebly het. Hulle was ouer as my rooikopsussie. Ek onthou dat my rooikopsussie oor twee dae 22 jaar dood is.

Ons stap tot heel onder by die klein baai. Die wind waai en dis koel. Twee groter sussies sleep 'n kleiner sussie teen die duin af. Daar is ook 'n pa en twee dogters wat swem. In die winter.

Die roete begin weer aan die ander kant van die baai.

Plek-plek is daar kliptrappies. Ek wonder wie dit hier sou kom bou het? Ek kyk na my linkerkant en wonder wie my hier sal kom haal en hoe hulle my sal kom haal as ek hier afval. Ek wonder nou nog daaroor.

Om 'n draai is 'n bordjie wat sê dat daar sterk winde kan wees, en dat jy versigtig moet wees. Ek is versigtig, maar ek wil ook by die huis kom. Hier en daar is 'n tou waaraan jy kan vasgryp as daar 'n hoë trap is. Nes dit lekker word, is daar nie meer tou nie.

Op 'n plek moet jy dwars draai om tussen die rotse deur te kom. Ek dink terug aan ons besoek aan die Kangogrotte toe ek nog in die laerskool was.

My oë bly net gerig op die volgende trappie of klip voor my. Ek onthou hoe my gryse ou pa altyd vir my mooi spoelklippe opgetel het.

Daar kom twee Indiërs van voor af: die tannie is al klaar uitasem. Hy maak snaakse bewegings met sy arms: hy wil weet of ons robbe gesien het? Ja, vriend, wou ek sê, maar jy gaan nog so paar kliptrappe moet op-en-af om tot by die robbe te kom.

Die pad word meer egalig: die parkeerplek doem voor ons op. Ons sien vir boet Swanie en sy vrou.

Dit gaan lekker wees, sê hulle. Dit gaan so mooi wees, sê hulle.

Maar dis nou klaar, sê ek. Ons het 5,5 km gestap, my kuite pyn en my bobene is moeg.

Ek het hierdie week weer geleer hoe om na asemrowende uitsigte te kyk: as jy ver genoeg gestap het, is jou asem regtig weggeslaan.

Maar ja, dit was mooi. Soos hulle gesê het.

# Bronnie-harte groet dr. Marius Botha



Van die klaskamer in Heilbron na een van die wêreld se voorste akademiese bestemmings. Dít is die merkwaardige pad wat dr. Marius Botha een van Hoërskool Heilbron se beste onderwysers hierdie week aanpak nadat hy 'n aanstelling as lektor aan die University of New York in die Verenigde State van Amerika aanvaar het. Hoewel sy vertrek 'n groot leemte by Hoërskool Heilbron laat, is dit terselfdertyd 'n oomblik van groot trots vir die skool en die hele gemeenskap.

Saam met sy vrou, Debbie, vertrek hy na die VSA om 'n droom na te jaag wat jare se harde werk, toewyding en akademiese uitnemendheid beloon. Vir die Bronnie-gemeenskap is sy vertrek egter meer as net die verlies van 'n onderwyser – dit is die afskeid van iemand wat met passie, wysheid en opregte omgee 'n blywende indruk op kollegas en leerders gelaat het.

Dr. Botha het in Februarie vanjaar sy Doktorsgraad in Filosofie verwerf, met 'n spesialisering in Beleidstudies aan die Departement van Onderwysbestuur, Beleid en Vergelykende Onderwys. Sy navorsing het gefokus op die implementering van die Sifting-, Identifisering-, Assessering- en Ondersteuningsbeleid (SIAS) in geïntegreerde skole.

Deur sy studie het hy die uitdagings ondersoek waarmee skole daagliks worstel om inklusiewe onderwys suksesvol toe te pas. Sy bevindinge beklemtoon die noodsaaklikheid van beter hulpbronverspreiding, voortgesette opleiding van opvoeders en sterker samewerking tussen skole, ouers en die Departement van Basiese Onderwys – navorsing wat 'n betekenisvolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse onderwyslandskap lewer.

Vir Hoërskool Heilbron is dr. Botha se sukses 'n bron van geweldige trots. Hoewel sy voetspore nou na 'n internasionale verhoog lei, sal sy nalatenskap steeds in die skool se gange en klaskamers voortleef.

Die Bronnie-familie wens dr. Marius en Debbie God se ryke seën, beskerming en voorspoed toe met hul nuwe avontuur. Mag hulle elke uitdaging met dieselfde geloof, nederigheid en vasberadenheid aanpak wat hulle tot hier gebring het.

Sommige mense verlaat 'n skool, maar nooit die harte van die mense wat hulle daar ontmoet het.



*Op die foto agter vl: Monique Terblanche en Suzilda Muller van Hoërskool Heilbron. Voor: dr Marius Botha.*

# Reeks ongelukke op Heilbron se paaie wek kommer

'n Reeks padongelukke die afgelope naweek het weer die kollig op padveiligheid in die Heilbron-omgewing geplaas nadat verskeie mense beseer is.

Saterdagaand is nooddienste na 'n ernstige botsing op die R57 tussen Heilbron en Sasolburg ontbied waar drie voertuie betrokke was. Volgens die Free State Road Incident Management System (FS RIMS) was 'n vragmotor, bakkie en motorfiets in die botsing betrokke.

Drie mense is beseer. Een persoon het matige beserings opgedoen, terwyl nog twee ligte beserings opgedoen het. Paramedici van EMS en ER24 het die beseerdes op die toneel behandel voordat hulle na 'n hospitaal vervoer is.

Die ongeluk volg kort op twee ander botsings wat Vrydagoggend op paaie rondom Heilbron plaasgevind het.

Op die Heilbron-Sasolburgpad, naby die asgate, was twee voertuie in 'n botsing betrokke nadat hulle drie rondloperbeeste getref het. Twee pasiënte is beseer en na Tokollo-hospitaal in Heilbron vervoer. Brothers Towing Services het die voertuie van die toneel verwyder.

Nog 'n ernstige ongeluk het Vrydagoggend op die Petrus Steyn-pad plaasgevind waar twee ligte voertuie en 'n swaarvragmotor gebots het. Volgens inligting van die toneel moes insittendes met die kake van die lewe uit een van die voertuie bevry word voordat hulle mediese behandeling kon ontvang.

Die reeks ongelukke dien as 'n ernstige waarskuwing aan alle padgebruikers. Veral rondloperdiere op paaie bly 'n groot gevaar, veral gedurende die nag en vroeë oggendure. Motoriste word versoek om spoedbeperkings na te kom, veilige volgafstande te handhaaf, waaksaam te bestuur en die aanwysings van verkeersbeamptes te gehoorsaam. Verantwoordelike bestuur kan help om ongelukke te voorkom en lewens te red.Die toevoeging oor die rondloperbeeste beklemtoon ook die toenemende gevaar wat loslopende vee op die paaie in die Heilbron-omgewing inhou.



*Ongeluk waar 'n vragmotor, bakkie en motorfiets in botsing betrokke was.*



*Twee voertuie in botsing nadat hulle drie beeste getref het.*

**TENDERS FOR BURNST AND CLOTH UNDERGRADE WHEY**

**Tenders are hereby requested for the sale of Burnt and Cloth undergrade whey sweepings powder packed in 25kg bags, subject to the following conditions:**

1. The tender period will extend from 1 August 2026 to 31 July 2027
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 15 July 2026 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

**The Manager**
**Clover**

**TENDERS FOR UNDERGRADE WHEY**

**Tenders are hereby requested for the sale of undergrade Whey, packed in 25kg bags, subject to the following conditions:**

1. The tender period will extend from 1 August 2026 to 31 July 2027
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as undergrade Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 31 July 2026 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be hand delivered in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" or emailed to paul.bester@clover.co.za

**The Manager**
**Clover**



# Ngwathe council dissolved:

## *The DA will continue to stand with residents*

***by Carina Serfontein - DA Mayoral Candidate Ngwathe Local Municipality***

The dissolution of the Ngwathe Municipal Council marks the end of one chapter in our municipality's history, but it is also the beginning of rebuilding a municipality that works.

Following the implementation of the Court's order under Section 139 of the Constitution, every elected councillor, regardless of political party or position, has ceased to hold office. This includes all ward councillors, PR councillors, the Executive Mayor, the Speaker, the Chief Whip, Members of the Mayoral Committee (MMCs), and every other elected political office within the Municipal Council.

There are no serving councillors in Ngwathe. It is equally important to understand what has not changed.

The municipality continues to operate. Municipal officials, directors, technical teams, administrative staff and operational employees remain at work and continue to perform their responsibilities under the authority of the appointed Administrator. Service delivery must continue, and the administration remains responsible for ensuring that residents receive the municipal services to which they are constitutionally entitled.

We respect the Court's decision and believe that this intervention presents an opportunity to restore accountability after years of governance failures that led to the collapse of basic municipal services.

Although we no longer serve as elected councillors, our commitment to the people of Ngwathe remains.

The DA will continue to be present in every community, listening to residents, monitoring service delivery and exercising strong public oversight throughout the administration period.

**We will:**

Monitor the implementation of the Court-ordered recovery plan.

Conduct regular oversight visits to municipal infrastructure and service delivery projects.

Escalate unresolved matters to the relevant authorities where necessary.

Maintain open communication channels for residents to report service delivery failures.

Follow up on reported matters and keep communities informed through regular public updates.

We will continue to be the voice of residents and the watchdog over the administration. We will support progress where it is made, but we will not hesitate to expose failures, challenge delays and demand accountability whenever the people of Ngwathe are being let down.

Residents should continue reporting failures in municipal service delivery. While political offices have fallen away, our responsibility to serve our communities remains.

The Council has been dissolved. Our commitment has not.

Ngwathe deserves better.

The DA will continue fighting for a municipality that works.

**Media Enquiries**
Carina Serfontein - 083 635 2851
DA Mayoral Candidate
Ngwathe Local Municipality

Heidre Malgas - 065 669 5808
DA Free State Provincial Media Officer

## Tesourie hou Julie-toekenning aan Ngwathe en 68 ander munisipaliteite terug

Die Nasionale Tesourie het aangekondig dat hy die Julie 2026 billike-aandeelbetaling aan 69 munisipaliteite, waaronder Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, tydelik terughou weens ernstige finansiële wanbestuur en volgehoue nie-nakoming van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA).

Volgens die Tesourie is die stap daarop gemik om finansiële dissipline af te dwing, onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende besteding aan te spreek en aanspreeklikheid onder munisipale amptenare en politieke ampsdraers te verseker.

Ngwathe is een van 15 munisipaliteite in die Vrystaat wat deur die besluit geraak word. Die Tesourie sê die betrokke munisipaliteite is vooraf skriftelik in kennis gestel en het die geleentheid gekry om redes aan te voer waarom hul fondse nie teruggehou moet word nie.

Hoewel die Tesourie meen die korttermyn-weerhouding nie onmiddellike dienslewering behoort te beïnvloed nie, plaas dit verdere druk op munisipaliteite wat reeds met ernstige finansiële uitdagings worstel.

Vir Ngwathe kom dié aankondiging te midde van die provinsiale ingryping wat tans by die munisipaliteit aan die gang is ná die hofbevele oor bestuurs- en diensleweringsprobleme. Die provinsiale administrateur, Dr Solly Montingoe, is reeds aangestel om die herstelproses te lei.

Die Tesourie sê betalings sal hervat word sodra Ngwathe en die ander betrokke munisipaliteite kan bewys dat die vereiste regstellende maatreëls ingestel is en dat daar aan die wetlike vereistes voldoen word.

Volgens die Tesourie het Suid-Afrikaanse munisipaliteite sedert 2021 meer as R145 miljard aan onreëlmatige uitgawes en meer as R24 miljard aan vrugtelose en verkwistende uitgawes aangegaan, terwyl byna die helfte van alle munisipaliteite steeds onbefondsde begrotings aanvaar.

Dit is die eerste keer dat die Tesourie so 'n omvangryke stap neem om finansiële dissipline by 'n groot aantal munisipaliteite gelyktydig af te dwing.

## Speler van die wedstryd




*Ernest Scheepers, 'n leerder van Hoërskool Heilbron, het onlangs by die VKB Rugbyweek in Frankfort sy staal gewys. Ernest is as kaptein van die O/16 Barbarian-span aangewys en het sy span met trots gelei. Sy uitstekende vertoning op die veld is verder bekroon toe hy as Speler van die Wedstryd aangewys is – 'n welverdiende erkenning vir sy harde werk, toewyding en leierskap.*

### KENNISGEWING VAN PUBLIEKE DEELNAME PROSES (PDP)
### MATSOPA MINERALS, KOPPIES BENTONITE-MYN
### MAATSKAPLIKE EN ARBEIDSPLAN (MAP)

Hiermee word kennis gegee ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van **Minerale en Petroleum Hulpbronne (Wet Nr. 28 van 2002)** rakende 'n Publieke Deelname Proses (PDP) vir **Matsopa Minerals, Koppies Bentoniet-myn (FS 30/5/1/2/2/004 MR)**, geleë ongeveer 14 km noord-noordoos van die dorp Koppies in die Vrystaat provinsie. Die operasie val binne die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit van die Fezile Dabi Distriksmunisipaliteit. Die Houer van die Mynreg nooi hiermee alle Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) in Koppies (of binne die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit ) uit tot deelname aan die Openbare Proses om die Vierde Generasie Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) vir Matsopa Minerale, Koppies Bentoniet-myn te bespreek.

**PUBLIEKE DEELNAME**

Xerus Consulting (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike sosiale en regs nakomings konsultante deur die mynreg houer om die vereiste proses en gepaardgaande Publieke Deelname Proses (PDP) ten opsigte van bogenoemde Vierde Generasie Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) te fasiliteer. Indien u wil registreer as 'n B&GP, meer inligting wil bekom of kommentaar wil lewer op die voorgestelde Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) kontak asseblief die kantoor vir Publieke Deelname by die onderstaande besonderhede. B&GP's word ook uitgenooi om kommentaar te lewer op die Vierde Generasie Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) Die openbare hersienings periode sal plaasvind vanaf **Woensdag, 29 Julie 2026 tot Saterdag, 29 Augustus 2026(30 dae ingesluit)**. Alle kommentaar moet teen Saterdag, 29 Augustus, ingedien word. Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) is beskikbaar by die volgende instansie:

| Plek | Adres | Kontak Nommer |
|---|---|---|
| Kwakwatsi Publieke Biblioteek | 1283 Kwakwatsi | 072 271 6017/ 071 481 9313 |

Die Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) is ook op die Xerus webwerf beskikbaar onder die volgende skakel:
- https://www.xerusconsulting.com/resources/

**PUBLIEKE DEELNAME LOKAAL**

**Plek:** Kwakwatsi Gemeenskap saal, Koppies, 9540
**Datum:** Dinsdag, 28 Julie 2026
**Tyd:** 16:00

**WAAROM JOU DEELNAME SAAK MAAK**

Openbare insette is noodsaaklik om te verseker dat die Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) die behoeftes en aspirasies van die plaaslike gemeenskap en arbeids versendings gebiede weerspieël. U terugvoer sal ons help om die Vierde Generasie Maatskaplike en Arbeids plan (MAP) te finaliseer:

- Vaardigheidsontwikkeling en opleidings programme
- Plaaslike ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe
- Infrastruktuur- en sosiale opheffings projekte

**OPENBARE DEELNAME KANTOOR**
Aandag: Lorna Ernst of Melony Kirby
Tel: 010 447 8550
Epos: public.participation@xerusconsulting.com
Apollo Road, Olifantsfontein, Clayville, Suid Afrika, 1666
Xerus Consulting kantoorure is 08:00 – 16:00 vanaf Maandae tot Vrydae, publieke vakansiedae uitgesluit

### PUBLIC PARTICIPATION NOTICE
### MATSOPA MINERALS, KOPPIES BENTONITE MINE
### SOCIAL AND LABOUR PLAN (SLP)

Notice is hereby given in terms of the **Mineral and Petroleum Resources Development Act (Act 28 of 2002)**, with regards to a public participation for **Matsopa Minerals, Koppies Bentonite Mine (FS 30/5/1/2/2/004 MR)** Located approximately 14 km north-northeast of the town of Koppies in the Free State Province. The operation falls within the Ngwathe Local Municipality of the Fezile Dabi District Municipality. The Holder of the Mining Right hereby invites all Interested and Affected Parties (I&APs) in Koppies (or within the Ngwathe Local Municipality) to participate in the public participation to discuss the Fourth Generation Social and Labour Plan (SLP) for Koppies Bentonite Mine.

**PUBLIC PARTICIPATION**

Xerus Consulting (Pty) Ltd has been appointed as the independent Social and Legal Compliance Consultants by the applicant to undertake the required process and associated Public Participation Process (PPP) in support of the above Social and Labour Plan (SLP). Should you wish to register as an I&AP, obtain additional information or comment on the proposed project, please contact the Public Participation Office at the details provided below. I&APs are, in addition, invited to comment on the Draft Social and Labour Plan (SLP). The public review period will run from **Wednesday, 29 July 2026 to Saturday, 29 August 2026** (30 days inclusive). All comments must be submitted by Saturday, 29 August 2026. The Draft Social and Labour Plan is available at the following locations:

| Place | Address | Telephone |
|---|---|---|
| Kwakwatsi Public Library | 1283 Kwakwatsi | 072 271 6017/ 071 481 9313 |

This Notice is also available on the Xerus Website at the following link:
- https://www.xerusconsulting.com/resources/

**PUBLIC PARTICIPATION VENUE**

**Venue:** Kwakwatsi Community Hall, Koppies 9540
**Date:** Tuesday, 28 July 2026
**Time:** 16:00

**WHY YOUR PARTICIFPATION MATTERS**

Public input is essential to ensure that the SLP reflects the needs and aspirations of the local community and labour-sending areas. Your feedback will assist us in finalizing the following SLP programmes:

- Skills development and education programmes;
- Local economic development initiatives; and
- Infrastructure and social upliftment projects.

**PUBLIC PARTICIPATION OFFICE**
Attention: Lorna Ernst and Melony Kirby
Tel: 010 447 8550
Email: public.participation@xerusconsulting.com
Apollo Road, Olifantsfontein, Clayville, South Africa, 1666
Xerus Consulting office hours are 08:00 – 16:00 from Monday to Friday, excluding Public Holidays.

# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE**
In die boedel van wyle
**CORNELIS WELHELMUS ELS,** Identiteitsnommer 381231 501 308 1, Weduwee, wie woonagtig was te Huis Bron van Heil, Distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 08 Mei 2026, **Boedelnommer 004164/2026.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199, HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

**KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING**
In die boedel van **ELIZABETH CATHARINA POTGIETER,** Identiteitsnommer 281220 0019 08 7, weduwee, in lewe 'n pensioenaris van Prunus Laan 16, Reitz, 9810
**BOEDELOMMER: 004257/2025**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Reitz vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**RONEL POTGIETER**
**ENSLINS RIEMLAND INC**
**33 SAREL CILLIERSSTRAAT, REITZ, 9810**
**POSBUS 400, REITZ, 9810**

**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
In the Magistrate's Court for the District of Sasolburg held at Sasolburg.
**CASE NO: 1120/2024**
In the matter between:
**DOUBEL STARS TRADING t/a EDDIES ELECTRICAL CC**
Execution Creditor
and
**PETER JOHANNES PRETORIUS**
Execution Debtor
Whereas judgment was granted in the Magistrate's Court of Sasolburg on the 10th of June 2025 and a Warrant of Execution issued dated 1 September 2025, the following attached goods will be sold in execution to the highest bidder on 30th of July 2026 at 13h15 at The Clerk of the Court, 32 Els Street, Heilbron.
**1 X WHITE TOYOTA LAND CRUISER WITH REGISTRATION NUMBER CMG 650FS**
Dated at Vanderbijlpark on 3rd of July 2026.
**CHANTELL TIMM INC**
**SLIM BUILDING, GROUND FLOOR**
**2 HOBHOUSE STREET**
**CNR OF HENDRIK VAN ECK & HOBHOUSE**
**VANDERBIJLPARK**
**TEL: (016) 931-1300**
**REF: C. TIMM/MAT: 38686**


## FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

## BESIGHEIDSURE
**Maandae - Vrydae:**
**08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON





- So, 12 Julie - 9:30, Gesamentlike Erediens @ Suid
- So, 19 Julie - 9:30, Gesamentlike Erediens @ Moeder (Ds Meiring de Wet)
- Di, 21 Julie - skole open
  - Kerkkantoor gesluit vir die dag
- Wo, 22 Julie - 15:30, GKV-vergadering
  - 18:00, Beroepingskommissie
- Do, 23 Julie - 17:30, Jeugkommissie & Kategete
- So, 26 Julie - 9:30, Eredienste & Kategese hervat soos normaal


## GROOTWILDJAGTERS!



**HIER IS JOU KANS VAN 'N LEEFTYD OM 'N BUFFELBUL OF EEN VAN ONDERSTAANDE PRYSE TE WEN.**

**SLEGS R500**

**7 PRYSE WAT GEWEN KAN WORD:**



- 1 x Buffelbul (2 Persone) - 2 x Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 1 x Blouwildebees, 1 x Rooibok, 1 x Vlakvark - (2 Persone), 2 Nagte Selfsorg - African Frontier Safaris, Ellisras
- 2 x Rooibokke (2 Persone) - 1 Nag Selfsorg - African Frontier Safaris, Heilbron
- 4 x Blesbokke (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (2 Persone) - 1 x Nag Selfsorg - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke - (Dagjag) - AREA: Heilbron
- 3 x Blesbokke, 1 x Springbok - 2 Nagte (8 Persone) Selfsorg - AREA: Francolin Creek, Heilbron

**PRYSE TER WAARDE VAN ± R250 000**

**Kaartjieverkope sluit 31 Julie 2026 en wenners word op 3 Augustus 2026 aangekondig. Van Rensburg Rekenmeesters monitor die trekking.**

**Alle jagte moet afgehandel word voor 30 September 2026.**

**NG KERK MOEDERGEMEENTE, HEILBRON • FONDSINSAMELINGSPROJEK**
Navrae: • Annari 082 224 8741 • Kerkkantoor 058 852 1615

## POSTNET HEILBRON

**COLLECTION & DELIVERY**
**Between Heilbron And The Vaal Triangle**
**EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY**
**R150 per parcel**
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK




**BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL**
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078




Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National


# TE KOOP - TE KOOP

**VOER TE KOOP**
Kontak Botha Mouton
083 688 8256

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald Office National

# SMALLS

**Vir enige nuus en advertensies vir die**
**Heilbron Herald**
**Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**
**Elsstraat 44, Heilbron**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

WINKELURE
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# Heilbron-rolbal seëvier weer

Heilbron se rolbalspelers het die afgelope naweek weer hul staal gewys tydens die Valsrivier Gemengde Pare-kampioenskap wat in Kroonstad aangebied is. Twee spanne van Heilbron het uitstekend gevaar en ná sterk vertonings deur die toernooi het albei spanne Sondag deurgedring na die semifinale. Beide spanne het hul wedstryde gewen om 'n plek in die eindstryd te verseker – 'n besondere prestasie vir die Heilbron Rolbalklub.

In die finaal het Tracy Jacobs, wat saam met Johan Lotz van Kroonstad gespeel het, die goue medalje verower. Sonja Muller en Edward Muller het silwer gewen, terwyl Linda van Caspel en De Wet Steenkamp met die bronsmedalje weggestap het.

Die uitslae beklemtoon weereens die gehalte van Heilbron se rolbalspelers en bevestig die klub se sterk tradisie van sukses op Valsrivier-vlak.




# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 4 Julie 2026 het die wedvlugseisoen vir 2026 begin en Kransfontein Resiesduif klub vanaf Bloemfontein gevlieg en die duiwe is om 07:45 gelos en die wen duif is om 10:38 geklok op Reitz.

Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 267 kilometers. 9 Lede en 368 duiwe het deelgeneem.

1. Wolmarans & Swart A
2. Spartan Pigeons 2
3. Wolmarans & Swart B
4. Spartan Pigeons 2
5. Spartan Pigeons 2
6. Du Plessis Hokke
7. Wolmarans & Swart B
8. Spartan Pigeons 2
9. Spartan Pigeons 2
10. Spartan Pigeons 2



*Op die foto van links na regs is Schalk Louw, Fritz Wolmarans en Nollie Swart van Wolmarans & Swart met die wenduif 715.*




Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44, Heilbron

Herald




VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 13 JULIE 2026**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 14 JULIE 2026**

VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

ERMELO: NOOITVERWAG BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas De Vereeniging
Kontak Chris Bezuidenhout 079 065 1283

**WOENSDAG - 15 JULIE 2026**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

VREDE: OOS-VRYSTAAT VELDRAMKLUB
50 Merino ramme
11:00, Vrede Gholfklub
Kontak Carel Davel 082 331 1811

MEMEL: ALS BEEFMASTER PRODUKSIEVEILING
11:00, Maarmanshoek
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

VRYHEID: RENZO BRAHMANS GESAMENTLIKE VEILING
11:00, Vryheid veilingskrale
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

**DONDERDAG - 16 JULIE 2026**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

VREDE: CHARFONTEIN DOHNE MERINO STOET
11:00, Humania
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**VRYDAG - 17 JULIE 2026**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

ULUNDI Twee-maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923

HARRISMITH: FYVIE FARMING PRODUKSIEVEILING
11:00, Deveron Farm
Kontak Richard Haupt 081 011 8288

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za